

---

# HOOFSTUK 5

## DIE KLIMAKS VAN DIE

## NAVORSINGSVERHAAL.

---

### 5.1. INLEIDING.

“You move them along until everything comes together in the climax, after which things are different for the main characters, different in some real way” (Lamott 1995:62). Vir alles om so bymekaar te kom in die klimaks neem dikwels lank. Hoe meer kompleks die situasie en plot, hoe langer neem dit. Anne Lamott (1995:82-3) skryf:

When you write about your characters, we want to know all about their lives and colors and growth. But we also want to know who they are when stripped of the surface show. So if you want to get to know your characters, you have to hang out with them long enough to see beyond all the things they aren't. You may try to get them to do something because it would be convenient plotwise, or you might want to pigeonhole them so you can maintain control. But with luck their tendrils will sneak out the sides of the box you've put them in, and you will finally have to admit that who they aren't who you thought they were.

Hier is die nuuskierigheid (“curiosity”) en geduld van die goeie navorser van belang. Hy bring die stel in beweging en wag dan angstig vir die klimaks om te ontwikkel. “The person, who knows the outcome or climax before hand, hasn't

even started the process of becoming a researcher. When understanding comes too quickly, it is not to understand at all”; en “You may perhaps just envision a temporary destination, but you must allow your characters to develop from there in their own way towards the end”. Lamott (1995:114) gebruik ‘n wonderlike metafoor om te beskryf hoe die skrywer/ navorser moet toelaat dat die plot ontwikkel tot sy eie klimaks, “If you’re lost in the forest, let the horse find the way home. *You* have to stop directing, because you will only get in the way”.

## **5.2. SILENT TOO LONG.**

In die laaste week wat ek in Adelaide, Suid Australië by die jaarlikse Internasionale Narratiewe Terapie Konferensie in 2000 bygewoon het, val die voorreg my te beurt om kennis te maak met *Silent Too Long*. Hierdie groep vroue *survivors* het die spesifieke oggend, voor ‘n volgepakte saal - ek skat ‘n paar honderd konferensiegangers - die verhaal van *Silent Too Long* vertel. Teen die tyd dat Denise K. haar gedig klaar gelees het, was daar nie een konferensieganger wat nie ‘n traan moes afvee nie.

### *The Gift*

*High in the tree I sit,  
A safe place for me to be,  
Far away from the people on the ground,  
up here they can't hurt me.*

*Am I such a bad child?  
ungrateful, and useless,  
The cause of their misery?  
I try to be good,  
But I've got a secret  
That someone is hurting me.*

*How small I feel, in this big big world,  
Sometimes I think it might crush me,  
So I climb up my tree, far away from the pain,  
So high that no one can see.*

*Please don't send me away,  
Or ignore it,  
I've got so much fear in me.  
Please tell the man he was wrong  
Don't take it out on me.*

*Now I am a Survivor ,  
A victim no longer I'll be,  
And the strength that I have,  
Had been there all along,  
A gift from the girl in the tree*

En wanneer Carol Coulter aan die einde van die werkwinkel opstaan, haar plek agter die mikrofoon inneem en hul groep se song insit, weet ek, hierdie is 'n belewenis wat my lewe lank by my gaan bly.

*Gentle Sun In a Darkened Room*

*Grandma, you never knew for sure  
The truth of what faced me before  
I know you tried to lift the curtain  
But all of us were sunk in fear,  
Paralised and uncertain  
You didn't talk much  
But your eyes were clear  
When they rested on mine  
They reached my heart  
How deeply you cared*

*Chorus:*

*You were so much to me  
Through the terror in my life  
When I was lost inside  
Your presence was a calming tide*

*Your love entwined  
Your soul and mine,  
Unfailing and unattached  
To expectation  
And whenever you gave  
A smile was enough  
To gratify  
Your loving heart*

*Chorus:*

*Anxiety slipped away from me  
Beneath that loving blanket  
As a withered plant absorbs as food  
The gentle sun in its darkened room*

*Beyond your death  
And for all this time  
Your're still a shining light  
Through the darkness that was mine*

### **5.2. 1 Wie is *Silent Too Long*?**

*Silent Too Long* is 'n groep vroue *survivors* van kinderjare seksuele misbruik. Hierdie groep het in 1995 ontwikkel vanuit 'n terapeutiese groep wat aangebied is deur die Northern Metropolitan Community Health Service. Die twee fasiliteerders, 'n sielkundige en 'n maatskaplike werker, het die groep gebaseer op narratiewe beginsels. Aan die einde van die ag weke-lange groep, het die vroue aangedui dat hulle graag sou wou hê dat die groep op een of ander wyse voortgaan, maar met meer van 'n aksie-gebaseerde fokus aangesien hulle graag ondersteuning aan vroue *survivors* van kinderjare seksuele misbruik wou gee, asook aktief betrokke wou raak by kinderbeskermingsinisiatiewe. Die ontwikkeling van hierdie groep en die aktiwiteite daarvan sou uitdrukings wees van hierdie vroue se woede en ontsteltenis oor dit wat met hulle gebeur het, asook 'n kosbare deel van hul eie heel-word proses. "One woman recently said in an interview: 'The group is the reason I get out of bed each day'".

### 5.2.2 Waar kom *Silent Too Long* se naam vandaan?

We were sitting around the kitchen table one day in the health centre discussing the effects of csa on womeam's lives and the ways in which our culture makes it difficult for survivors to be able to even speak about the abuse. The silencing makes it difficult, or even impossible, to then develop effective ways in which to address the whole issue of childhood sexual abuse. One of the women said that we'd been silent too long. We jumped up and said, 'That's it! That's the name of the group, 'SILENT TOO LONG'. We will be silent no more.

Wat my die sterkste en sekerlik die langste sal bybly, is die bewustheid van die moed en deursettingsvermoë van hierdie vroue om hul verhale te deel. Gesamentlik *storie* hulle die verhaal van *Silent Too Long* en deurdat die kennis van hul ontstaan en moed versprei word, is dit amper asof mens kan *sien* hoedat hulle sterker word.

### 5.3. "SPREADING THE NEWS".

As *self* is a performed self, the survival of alternative knowledges is enhanced if the new ideas and new meanings that they bring forth are put into circulation.

(Michael White 1988:10)

Indien dit so is dat mense hul voorkeur *self* konstitueer deur die uitspeel ("performing") van hul voorkeur-verhale, dan word dit belangrik dat daar oudiënsies ("audiences") is vir daardie verhale. Sodra derglike toeskouers/ gehore gevestig is,

konstitueer hulle subkulture wat hierdie alternatiewe kennis konstrueer en sirkuleer, kennis wat nuwe lense voorsien waardeur ervaring geïnterpreteer kan word. Freedman & Combs (1996:237), Soos wat die voorkeur-verhale gesirkuleer en gedeel word binne die subkultuur, "...all the participants in that subculture construct each other according to the values, beliefs, and ideas carried in that subculture's preferred stories". Hierdie hele proses konstitueer die 'opstaan/ oproer van onderdrukte kennis' ("insurrection of subjugated knowledges") waarvan Michel Foucault (1980) geskryf het. Madigan & Epston (1995) stel die term "communities of concern" voor vir derglike deelnemende toeskouer subkulture. Freedman en Combs (1996:286) merk die volgende op, "When we appreciate, utilize, and circulate the hard-won knowledge of the people who consult us, we participate in the creation of *communities of concern* in which problem conquerors' wisdom is at least important as therapists' wisdom".

Smith & Nyland (1997:358) verwys na Michael White se opmerking dat probleme 'n manier het om mense te "dis-member" van hul eie kennis-eenhede. En kan probleme ook die kultuur gebruik om die oorhand te kry, byvoorbeeld Anorexia Nervosa gebruik die Westerse samelewing se beklemtoning van skraal-wees (via advertensieborde, tydskrifte, en massamedia) om sodoende invloed oor die lewens van jong vroue te bekom. Hierteenoor, stel hulle dat, "A narrative practice seeks to de-privatize the effects of problems...". Wanneer voorkeur verleen word aan jong kliënte se stemme en die probleem gelokaliseer word binne 'n sosiokulturele konteks, kan die jongmense daarin slaag om hulself apart te stel van die dominante kulturele idees en kan hulle begin om hul eie spesiale vermoëns en kenniseenhede te onthou ("re-member"). Smith & Nyland (1997:358) verwys ook na Madigan en Epston se "communities of concern", "...which are created or expanded through such practices as letter-writing campaigns, anti-problem leagues, 'consulting your consultant' interviews, and co-research". Hierdie gebruike gee aanleiding daartoe dat die kliënt haar kenniseenhede na ander kliënte wat soortgelyke probleme ondervind het, sirkuleer.

Alhoewel terapie in die dominante kultuur neig om 'n geheimsinnige onderneming te wees, is die mense wat aanmeld vir konsultasies binne die narratiewe subkultuur gewoonlik entoesiasties oor die idee om ander deel te maak van die proses. Freedman & Combs (1996:237) maak die volgende opmerking, "We think that externalizing and antipathologizing practices offer people a different kind of experience in therapy. When therapy becomes a context in which people constitute preferred selves, they have nothing to hide and much to show". En verwys hulle na David Epston wat dit soos volg stel (in O'Hanlon 1994:28),

...in this therapy, people emerge as heroes and they often want that heroism acknowledged in some social way. They are usually quite happy to communicate with others and tell their stories.

Victor Turner (1986:37) maak in hierdie verband die treffende opmerking, "The hard-won meanings should be said, painted, danced, dramatised, put into circulation".

Wanneer hulle daaraan dink om iets op te merk wat voorheen onopgemerk verbygegaan het, meld Zimmerman & Dickerson (1996:100) dat hulle nie anders kan as om aan ruimte ("space") te dink nie. Byvoorbeeld, ons hoor dikwels hoedat vroue, wanneer hulle in die geselskap van mans is, die opmerking maak dat die mans 'die plek oorneem' ("take up all the space"). En wil dit voorkom – binne hierdie konteks – dat vroue se woorde, idees en gedagtes minder gewig dra en minder belangrik geag word, en dat daar min of geen ruimte is vir hulle gedagtes om geuiter te word nie. Die lede van ander gemarginaliseerde groepe wat ook oor mindere status in die bevoorregte hiërargie beskik, beskryf dikwels hul beleving daarvan as dat hulle geen ruimte het nie. Is dit nie ook waar van mense wat onderdruk word deur 'n probleem nie?



Zimmerman & Dickerson (1996:100) spreek die oortuiging uit dat diskoerse uitmekaargehaal kan word indien daarvoor ruimte geskep word. Hulle stel dit soos volg, “In therapeutic interactions, we see that one way space can be opened for clients is by creating reflexive practices in the room. We think that it is helpful for clients first to experience themselves in a reflexive position toward themselves and others”. Zimmerman & Dickerson (1996:101) kies vir die term “reflexivity” eerder as “reflecting” – dit wil sê eerder ‘n wederkerende en terugkerende as ‘n weerkaatsende of terugkaatsende proses - aangesien hulle meen “reflexivity” die gedagte van ‘n proses waarin “...ideas can bounce off other ideas; aspects of experience can come to the fore, so that persons can begin to notice and examine previously held assumptions” beter weerspieël. Hulle meen verder dat,

It is an in-between place – between persons, between representations and persons, between experience and persons. Reflexivity seems to occur in a space where the clients and the therapist can begin to generate new meanings and examine them for possible preference. Alternative knowledges or new stories become available for clients to begin to perform.

Zimmerman & Dickerson (1996:101) bied aan en bespreek dan ‘n aantal moontlikhede wat kliënte behulpsaam kan wees om ‘n wederkerende (“reflexive”) posisie in te neem, te wete:

1. “Bringing others into the room”.

- Ervaring-van-Ervaring Vrae (“Experience-of-Experience Questions”)
- Om vrae aan die Plafon te vra
- Twee praat, Een luister
- Om ‘n blaaskans te neem
- Om jou vrae te posisioneer
- Einde-van-die-Sessie Samevatting

## 2. Oudiënsies (“Audiences”).

- Individue as gehoor
- ‘n Bond as gehoor (Die term *Leagues* sal verder gebruik word.)
- “To hook clients up”
- Dokumente

Onder die opskrif “Bringing others into the room” wil ek graag Ervaring-van-Ervaring Vrae vir bespreking uitlig, en onder die opskrif “Audiences” sal ek opmerkings en besprekings onder die temas, “Leagues” as gehoor, en “To hook clients up” vir bespreking uitlig.

### 5.3.1 Ervaring-van-Ervaring Vrae.

Vir Zimmerman & Dickerson (1996:101) gaan dit oor die vraag ‘Wie is die meeste geskik om jou nuwe manier van wees en leef, op te merk?’. “This is the question we ask any client who is beginning to perform a new, more preferred story”. Vrae soos, ‘Wie in jou verlede sal die minste verbaas wees oor die ontwikkelinge in jou lewe?’, ‘Wat sou daardie persoon – en ander – opmerk oor die vordering wat jy gemaak het, en waarmee sal hy/ sy die meeste ingenome wees?, stel die kliënt instaat om haarself vanuit iemand ander se perspektief waar te neem – in elke geval ‘n betekenisvolle persoon. Hierdie vrae bring daardie betekenisvolle persone en verhoudinge die vertrek binne, en/ of plaas hierdie vrae die kliënt in ‘n posisie waar sy haarself kan sien soos wat hierdie betekenisvolle persone haar sien. Michael White (1995), in navolging van Barbara Myerhof, verwys na hierdie proses as “re-membering”. Hierdie proses stel mense instaat om hul lewens te herskryf binne die konteks van hul mees betekenisvolle verhoudinge. Hierdie vrae kan opgevolg word deurdat daardie persone werklik die vertrek binnegebring word, en kan hulle sodoende ‘n kragtige gehoor uitmaak vir die ontwikkeling van die alternatiewe verhaal.

“Re-membering” gesprekke omvat daardie doelbewuste keuse deur mense wie hulle méér teenwoordig in hulle lewe wil hê as lede van hul “club” (Morgan 2000:77, “Think of your life as a club with members”) en wie se lidmaatskap hulle wil herroep of wysig. Die term “re-membering” behels dus nie net *onthou* nie; die koppelteken tussen “re” en “member” is beduidend in sy betekenis en nut in narratiewe terapie. Wanneer mense te staan kom voor probleme ondervind hulle dikwels dat hulle geïsoleer en losgemaak (“disconnected”) is van belangrike en betekenisvolle verhoudinge. Die dominante probleem-verhaal slaag dikwels daarin om hierdie vennootskappe te minimaliseer en onsigbaar te maak. “Re-membering” gesprekke staan ten doel om op ‘n kragtige wyse hierdie betekenisvolle vennote weer in die lewe van die persoon te inkorporeer en na vore te bring.

Soos ek reeds genoem het, kon ek aanvanklik nie individuele gesprekke met Chereese begin nie, en het ek haar genooi om die Talitha Kumi Groep by te woon. Hierdie groep ontleen haar naam nie net aan die bekende Skrifgedeelte – Markus 5:41 ~ “Hy vat toe die kindjie se hand en sê vir haar: ‘Talita, koem’. Dit beteken, Ek sê vir jou, staan op” - nie, maar ook aan die straatnaam waarin die kindershuis geleë is. Hierdie groep is gevestig met die gedagte om dit as “nurturing team” (Freedman & Combs 1996:245) en/ of “outsider witness group” (Morgan 2000:121) te benut. Smith & Nyland (1997:204) skryf soos volg hieroor:

Some children we work with invite... people to serve on a ‘nurturing team’. Members of this team meet one or more times to develop a plan to help the young person challenge the effects of abuse. Other children invite significant people to attend celebrations of positive developments in their lives. Including child abuse professionals assigned to a child in team meetings or celebrations catches them up with the child’s challenges and accomplishments, and helps them make recommendations that support her preferences.

Michael White (in Freedman & Combs 1996:245) het die idee om mense uit te nooi om ontmoetings en gesprekke by te woon, in 'n ander rigting geneem. White is van mening dat “nurturing teams” as ‘n teenwig tot die “abuse team” kan dien wat tot dusver aan die werk was in mense se lewens. Kinders, wat in die verlede, onderwerp is aan geweld en misbruik, beleef hulleself dikwels as *afhanklik*, en kritiseer en patologiseer hulle hulself daarvoor dat hulle “dependant natures” het. White meen egter dat mense (en kinders) van hierdie siening van hulself oortuig word deur dominante kulturele diskoerse van wat dit beteken om ‘n *normale mens* te wees – onafhanklik, selfbeheersd, selfstandig, self-aktualiserend, ensovoort, asook dominante kulturele diskoerse van hoe dit bereik kan word.

Om hierdie dominante verhale te dekonstrueer, stel White voor dat vasgestel moet word indien daar ‘n “abuse team” teenwoordig is in die kind se lewe. Bestaan daar ‘n misbruik-span? Wie is lede daarvan? Oor hoeveel jaar en op watter vlak van intensiteit was elke lid aktief? Lidmaatskap van die misbruik-span sluit almal in wat direk en indirek betrokke was by die geweld en misbruik, insluitend die medepligtiges, alhoewel hulle nie aktief betrokke was by die geweldsoortreding teenoor die kind nie. White bereken dan die gewig van die misbruik deur die aantal lede met die aantal jare per groeplid te vermenigvuldig, en dit weer te vermenigvuldig met die vlak van intensiteit per jaar. Wanneer hierdie berekening gemaak is, kan bepaal word wat ‘n genoegsame teen-(ge-)wig vir die misbruik-span en die gepaardgaande misbruik en geweld sou konstitueer. Hy stel die vestiging van ‘n “nurturing team” (versorgingspan) voor. Met dieselfde eenvoudige berekening word die vereistes vir so ‘n versorgingspan bepaal. Dit sluit in: i] die aantal versorgingspanlede, ii] oor hoe lang tydperk hulle betrokke moet wees, en iii] die vlak van intensiteit oor hierdie tydperk.

Dus, wat mense voorheen sou beskou as *afhanklikheid*, word in hierdie proses geherinterpreteer. Mense begin op alternatiewe wyses praat en dink oor hul identiteit. Ten spyte van hoe mense voorheen ookal oor *afhanklikheid* sou dink en beslis, deur hierdie proses is dit nie meer een of ander sielkundige feit van die persoon se lewe en identiteit wat deurgewerk moet word nie. Nou word dit vir mense moontlik om daardie persone – van wie hulle gereken het hulle voorheen *afhanklik* was – te nader en hulle formeel uit te nooi om by die versorgingspan betrokke te raak. Michael White (1995:106) beskryf wat moontlik by die ontmoeting van so 'n versorgingspan kan plaasvind:

First, the person who has issued the invitations provides some account of the abuse team's membership, it's activities, the duration of these activities, and the long-term effects of these activities. Second, the notion of the nurturing team is introduced, along with some thoughts about the part that this team could have to play in undoing the work of the abuse team. Third, the work that has already been done in this direction by prospective nurturing team members is acknowledged, along with the effects of this work. Fourth, prospective team members then talk about the sort of ongoing contribution to nurturing work they believe might challenge the work of the abuse team, and that might fit with the necessities of their own lives in a way that would not be burdensome to them. Fifth, the person who called the meeting responds to these proposals, and makes further suggestions about what might work best for them. Sixth, all of these proposals and suggestions are negotiated, and plans are made for their introduction. At this time, these plans are worked through in their particularities.

Met die aanvang van een van die Talitha Kumi-byeenkomste het ek tyd spandeer om met die groep te deel – met die twee dogters se toestemming – dat Leatitia se ouma, en Chereese se oupa in die afgelope tyd oorlede is, en dat albei die dogters in hierdie tyd die onderskeie begrafnisse bygewoon het. In die lig daarvan dat ek vanuit hul verhale besef het dat hierdie ouma en oupa vir beide dogters betekenisvolle persone was, het ek gedink om in die groep erkenning te gee aan hierdie twee persone vir die rol wat hulle in die twee dogters se lewens gespeel het. Leatitia se ouma het egter in die maande voor haar afsterwe heelwat verwarring in Leatitia se lewe veroorsaak aangesien sy op 'n geforseerde wyse gepoog het om versoening te bewerk tussen haar en haar pa, die oortreder, wat uit die gevangenis was op parool. Hierteenoor was Chereese se oupa vir haar soos 'n pa, soos 'n koning (vergelyk transkripsie in hoofstuk 4). Iemand wat enige iets vir sy (dogter en) kleindogters sou doen, en was hy ook 'n beskermer in haar lewe. Ek het die leë stoel wat langs my gestaan het, nadergetrek en aan Chereese en die groep gevra of dit hulle goedkeuring sou wegdra indien ek Chereese se oupa sou nooi om hier by ons te kom sit.

Ek het gehoop dat hierdie “honouring”-moment vir Chereese betekenisvol kon wees in die lig daarvan dat sy in ons vorige individuele gesprek die verhaal van “Rubbish”, maar ook die verhaal van ‘100% werd’ ge-storie het. Nadat Chereese en die groep hul toestemming verleen het, het ek aan Chereese gevra of sy nie iets van “Rubbish” en ‘100% werd’ se verhale met die groep – in haar oupa se *teenwoordigheid* - wou deel nie. Chereese het geglimlag en begin om die verhale te storie. Hierop het ek die groep geleentheid gegee – weer met Chereese se toestemming – om aan haar vrae te stel oor die verhale wat hulle gehoor het.

Groeplid 1: Was dit net die molestering wat jou soos “rubbish” laat voel het?

Chereese: Nee, ook as Leon so vreeslik met ons geraas en gevloek het... en as hy ons ma gevloek en geslaan het. Hy... hy het altyd ons ook gedreig. As hy dronk was, was daar altyd moeilik.

Groeplid 1: Hoe voel dit om “rubbish” te voel?

Chereese: Ek weet nie... dis so of mens hom glo... vir alles wat hy na jou toe vloek en sê. Partykeer voel dit vir my of ek wil hom nie glo nie. Dit maak my eintlik hartseer.

Groeplid 1: En as hy daai ander goed met julle gedoen het?

Chereese: Jy voel soos “rubbish”... dis soos jy weet hy is die “rubbish”, maar dis jy wat na die tyd soos gemors voel. Jy voel die healtyd vuil...

Groeplid 2: Jy’t gesê Ds. Chris het jou toe gevra hoeveel werd hy en Bang dink jy is, en toe sê jy hulle het gemaak dat jy altyd sleg oor jouself dink en niks werd voel...

Chereese: Ja.

Groeplid 2: Maar jy’t ook vertel van *Guts* en dat toe jy hom teruggekry het, toe’t jy baie werd gevoel.

Chereese: Ja, nogals baie.

Groeplid 2: En jy't vertel dat jy 100% werd was vir jou ma en oupa.

Chereese: Ja, altyd baie.

Chris: Chereese, ek het gewonder of oupa, wat hier by ons sit, of jy dink hy sal dit nou bevestig dat jy vir hom 100% werd is?

Chereese: Beslis, hy sal nie eens twee keer dink nie.

Groeplid 2: Wat kan jy nog van jou oupa onthou oordadig jy baie werd was vir hom?

Chereese: Hy't altyd my geroep: "Kieries, kom hierso!", en grappies gemaak en stories vertel en so aan.

Chris: Sê weer daai woord wat jy gesê het – ek het dit nog nie voorheen gehoor nie.

Chereese: *Kieries...* my oupa het my altyd geroep: "Kieries...!".

Groeplid 2: Hoekom het hy jou so genoem?

Chereese: Dit was oor my kerie-beentjies... dan roep hy my altyd so.

Chris: Maar was dit dan 'n terg-naam of 'n troetelnaam?



Chereese: Wat's 'n troetelnaam?

Chris: 'n Terg-naam is soos om iemand te spot of te probeer seermaak, 'n troetelnaam is soos 'n spesiale liefdesnaam vir iemand. Maar ek wonder wat sou oupa sê watse soort naam was *Kieries*? Wat dink jy?

Chereese: Hy sou sê dis 'n liefdesnaam. Hy't my partykeer geterg, maar dit was om grappies te maak.

Chris: Is *Kieries* 'n "memory" wat jy altyd by jou dra, of het jy nou vir die eerste keer weer daaraan gedink?

Chereese: Nee, ek het baie lanklaas daarvan onthou, eintlik het ek dit al vergeet. Dit was net toe oupie dit vir my geroep het dat ek dit kan onthou.

Chris: Nou's ek nuuskierig... wat het dan gemaak dat jy nou vir *Kieries* onthou het?

Chereese: Dis toe dominee die stoel ingesit het dat ek meer goed oor oupie kon onthou.

Chris: Wat het dan gemaak dat jy vir so lank nie vir *Kieries* kon onthou nie? Was dit omdat "Rubbish" stem harder was as Oupie s'n?

Chereese: Ja, dit voel soos Leon se vloek en raas was later so erg.

Chris: Nou wonder ek, is dit vir jou goed dat Oupie hier sit, so asof hy weer terug is in jou lewe?

Chereese: Ja, dis baie lekker so.

Chris: Sou jy graag sy stem in jou lewe wou hou? En goeters soos *Kieries* wil onthou en by jou dra?

Chereese: Ja, altyd.

Chris: En “Rubbish” se stem?

Chereese: Dit moet weg... heeltemal.

### 5.3.2 “Leagues” as gehoor.

Zimmerman & Dickerson (1996:110) spring hul bespreking van *Leagues as Audiences* weg met die vraag, “What would a performance be without an audience?”. Probleme isoleer mense. Probleme veroorsaak dat mense alleen en uitgestoot voel. Deur die daarstel van ‘n gemeenskap wat die kliënt ondersteun en haar vordering weg van probleem-verhale na alternatiewe verhale toe, opmerk, word individualiserende psigologieë uitgedaag. Derglike psigologieë ondersteun die idee dat probleme ‘in’ mense is, en hulle ondersteun die probleem se taktiek om gehore (“audiences”) te skep, en mense sover te kry om “problem watchers” te wees. Die vestiging van *Leagues* kan dien as “counter-audiences” vir hierdie “problem watchers”.

Die eerste en sekerlik die mees bekende anti-probleem *League* is die *Anti-Anorexia/ Anti-Bulimia League*, wat in New Zealand deur David Epston begin is. Epston (1994) het argiewe geskep wat aanvanklik bestaan het uit briewe *van* hom en *aan* hom deur die kliënte met wie hy gewerk het en wie gelyk het onder die effek van anorexia en/ of bulimia in hul lewens. Later is video-opnames in die argiewe bygevoeg. Die tekste van die briewe en video-opnames was verhale van sy kliënte se stryd teen hierdie probleme, asook die treë wat hulle gegee het in die oorwinning daarvan. Zimmerman & Dickerson (1996:111) maak dan die volgende waardevolle opmerking aangaande *Leagues*, “They provide a community of support and offer truly *expert* opinions. The idea of leagues is catching on for other problems... for which an alternative body of knowledge may be necessary to offset the cultural truths that are circulating to support the problem”. Volgens hulle bied *Leagues* ‘n alternatiewe kultuur en ‘n alternatiewe bron van inligting om kliënte te ondersteun. “In addition to support for other versions of self, the possibilities for developing anti-problem strategies, all from material generated by clients themselves, are enormous”. Freedman & Combs (1996:252) voeg die volgende hieroor by, “These leagues are *virtual* communities of concern; they serve the same purpose that membership in a professional organization does for many people. Joining a league signifies that a person has reached competence in a particular arena. Her membership certificate recognizes her achievement of a new status”.

### 5.3.2.1 Babbie & Mouton: “*Insider Knowledge*”.

In hoofstuk 1 het ek gestel dat een van Participatory Action Research se sentrale beginsels ten opsigte van deelname of samewerking, is die wyse waarop kennis waargeneem word. Verder is gestel dat die deelnemers (gespreksgenote) se wysheid en bekwaamheid – “local knowledge”, ook na verwys as “insider, traditional or popular knowledge” - gewaardeer en gerespekteer word, selfs geeër, gevier en geprys word binne die PAR benadering. Elden & Chisholm (1993:133)

verwoord dit soos volg, “In fact, local knowledge is considered by most participatory action scholars as necessary for valid scientific sense-making as the outsider researcher’s technical expertise and abstract general knowledge”. Tog rig White (1997:101-104) in sy bespreking van *Outsider Witnesses* die volgende waarskuwing,

This sharing of personal experience is not ‘indulgent’ in its form. It is clearly not in the tradition of the ‘bare-it-all’ approaches; it is not about team members expressing all their distressing and difficult experiences with people who seek consultation. This sharing of personal experience is not done with the goal of smuggling in ‘Here, take a leaf from my book’. It is not undertaken to give people the sense that the team member concerned has arrived somewhere in life.

Freedman & Combs (1996:253-254) maak die volgende waardevolle opmerkings, “*This work...* unites and circulate the voices of people involved in a common struggle. Their voices, not the therapist’s, are privileged”, en, “When combined with the externalization of problems, a community such as a league not only provides an audience for the circulation of stories of resistance and accomplishment, but also changes the context of people’s lives” En in die verhaal van een van hul kliënte hoor hul van haar ervaring van so ‘n gemeenskap: “I don’t feel so alone’. Although I (Jill Freedman) experience myself as being in her struggle with her, it is not the same as a connection with others who experientially understand what she is up against”.

Die volgende transkripsie is ‘n weergawe van die gesprek wat plaasgevind het tussen Madilise en die Talitha Kumi-groep.

Chris: Goed, ek wil gou net verduidelik *wie* julle is, en *wat* julle gaan doen, want julle is iets anders as sy (Madilise) - julle is die “listening group”. Julle gaan die eerste rondte net luister, ek en Madilise gaan gesels, en dan draai ons om sodat julle in ‘n groep sit en gesels, en ek en Madilise sit en luister na wat julle vertel. Is dit reg so?

[Groep stem in.]

Chris: Okay, nou Madilise, ek het wonder hoe gaan ons begin... gaan ons net wegspring met Besemstok se storie of dink jy jy wil iets van die agtergrond ook vertel?

Madilise: Ek weet nie. Enige manier, net die maklikste een.

[Die groep dui aan dat hulle graag ‘n bietjie agtergrond sou verkies.]

Chris: Wat dink jy, met watter inligting is jy gemaklik om met die groep te deel?

Madilise: Ek weet nie. Ek kan nie meer onthou nie.

[Madilise kom ongemaklik en senuagtig voor om vir die eerste keer iets van haar verhaal in ‘n groep te deel.]

Chris: Okay, onthou ons “deal” is dat jy alleen hoef te deel waarmee jy gemaklik is. Ek het gewonder of jy vir hulle kon sê dat daar ‘n hofsaak was?

Madilise: O ja, natuurlik.... daar was ‘n hofsaak, maar ek het die saak teruggetrek en...

Chris: Hoe het dit gebeur?

Madilise: Ek hou nie van my stiefpa nie en... Ja, want ek het my ma jammergekry.

Chris: Hmm. Sou jy iets van Teleurstelling se verhaal met hulle kon deel?

Madilise: Hmm. Teleurstelling, moet ek soos in sy storie vertel?

Chris: Jy sou kon...

Madilise: Okay, Teleurstelling het basies ingekom by my ma want sy het altyd as ek vir iets gevra het, het sy altyd vir my gesê nee, maar as my broers vir haar gevra het dan het sy altyd gesê ja, soos in, dit was “unfair” teenoor my gewees. Dis waar die teleurstelling inkom. Ag, en met die hofsaak het sy mos by haar man gestaan en gesê maar ek lieg. En laas week het sy mos geld gevat by die winkel, toe’s sy uitgevang. Sy “embarrass” my, want ek werk oor naweke daar.

Chris: Goed, ons het ook oor Hartseer ‘n storie gemaak. Sou jy iets van Hartseer se storie met hulle kon deel?

Madilise: My breins wil nie werk nie, maar ek probeer dink. Hartseer...? Daar was 'n goeie hartseer en 'n slegte hartseer. Of eerder, 'n 'lief hê'-hartseer en 'n 'kwaad'-hartseer. Die 'kwaad'-hartseer was oor Dawie, want ek was kwaad vir hom gewees omdat hy my bang gemaak het, en die 'liefde'-hartseer, was oor my pa gewees. My regte pa... hy is dood toe ek klein was, maar ek het baie goeie goed gehoor van hom en dit is wat my sterk gemaak het.

Chris: Jy het vertel hoedat Dawie een aand weer jou ma gevloek en geslaan het...

Madilise: Hmm.

Chris: Kan jy dit onthou? Onthou jy dat ons gesels het hoedat die drank hom onvoorspelbaar en gevaarlik gemaak het? Kan jy iets vertel van wat daardie aand gebeur het?

Madilise: Hy was lelik met my ma gewees, hy het my ma gevloek en slaan en "stuff", en ek het nie daarvan gehou nie, en toe probeer ek vir my ma opstaan. Hy slaan toe my ma en toe raak ek baie aggressief, toe vat ek die besemstok en toe slaan ek hom.

Chris: Ek wonder nou, het jy gesien wie van die ander mense het ge- "witness" toe jy hom met die besemstok geslaan het?

Madilise: My ma het.

Chris: Wat gebeur toe volgende?

Madilise: Toe slaan hy my terug.... met sy vuis... en toe huil ek en toe loop ek weg want toe het my ma hom geslaan.

Chris: Wat het nog gebeur?

Madilise: Hy met my die heelyd in ons “yard” rondgejaag want hy wou my nog geslaan het.

Chris: Het jy nie ook vertel dat jy hom met die besemstok ge-“trip” het toe hy jou gejaag het nie?

Madilise: Hy het homself ge-“trip”... ‘n dronk mens kan mos nie hardloop nie.

Chris: Sou hy jou gewoonlik geslaan het as hy kwaad word vir jou?

Madilise: Hm.

Chris: En hierdie keer het hy jou nie geslaan nie... waar kom dit vandaan?

Madilise: Ek weet nie. Hy het my net nie geslaan nie.

Chris: Hoekom, was die besemstok naby?



Madilise: Nee, ek het omgedraai en uitgeloop, so ek was nie daar dat hy my kon slaan nie.

Chris: Het die molestering in daardie tyd nog voortgegaan?

Madilise: In daardie tyd? Ek dink dit moes een of twee keer gebeur het want ek het vir die skool gaan sê, of my kleinbroer het vir die skool gaan sê, en toe vind almal uit.

Chris: Het Dawie probeer om weer dieselfde planne en goeters aan te vang toe hy agterkom, een, jy kan terugslaan en twee, jy kan praat of julle kan praat oor wat gebeur?

Madilise: Nee, hy het nie weer probeer nie. Ek dink hy was te bang gewees.

Chris: Okay, hoe het jy gevoel oor wat daardie aand gebeur het toe julle saam gebraai het en hy dronk was en jou ma slaan en bedreig vir jou ook, en jy slaan hom toe met die besemstok?

Madilise: Hoe het ek gevoel... wel, toe ek hom slaan met die besemstok het ek gedink ek is sterk.

Chris: Hoe oud was jy toe? Kan jy onthou hoe oud jy was toe dit gebeur het?

Madilise: So twaalf, dertien...

Chris: En, kan jy onthou hoe groot Dawie was toe dit gebeur het?

Madilise: Redelik groot.

Chris: So, toe jy na die tyd terugdink oor wat gebeur het, hoe het jy daaroor gedink dat 'n twaalfjarige dogtertjie 'n groot, dronk, aggressiewe, onvoorspelbare man met 'n besemstok slaan?

Madilise: Ek was eintlik “proud” op myself maar nie so erg nie, want, want ek het na sy “level” toe gegaan en ek wil nie daar gewees het nie. So ek was nie eintlik so “proud” daaroor nie, maar ek was “proud” omdat ek vir myself kon opstaan.

Chris: Wat bedoel jy met “sy level”?

Madilise: “Sy level” is mos nou nie soos die normale mens s'n nie, want hy baklei, en hy vloek en hy drink, en...

Chris: Okay, Dawie se baklei gaan altyd saam met vloek en dronkwees...? Wat gaan saam met jou baklei van daardie aand?

Madilise: Om op te staan vir my ma en myself.

Chris: En Dawie se baklei en vloek en “stuff”, maak dit altyd ander mense seer?

Madilise: Hmm-hmm.

Chris: Het jou baklei daardie aand iemand seergemaak?

Madilise: Nee, glad nie, dit het eerder iemand vrygemaak.

Chris: Okay.

Madilise: Ek dink dit het al die kwaad binne in my bietjie laat ontsnap.

Chris: So, was jou baklei dieselfde baklei as Dawie s'n?

Madilise: Nee, nie eintlik nie. My baklei was eintlik 'n goeie baklei, en syne was 'n slegte een, want hy was dronk en hy het gesoek vir 'n rede en ek was nie dronk nie en ek het nie gesoek vir 'n rede nie.

Chris: Dit klink asof jy sê jou baklei was goed vir jou?

Madilise: Verseker, want ek het van al die “anger” binne-in my ontslae geraak.

Chris: Dink jy jou optrede daardie aand het 'n boodskap aan Dawie gestuur?

Madilise: Ja, dat ek nie bang is vir hom nie, en ek sal alles in my vermoë doen om hom terug te kry.

Chris: Kan jy dink aan nog 'n keer daarna wat jy opgestaan het teen Dawie?

Madilise: Nog ‘n keer daarna... ja, ek het al baie weer, want ek is nie meer bang vir hom nie. Ek het hom met woorde seer gemaak. Ons – ek en my broers - het hom al baie gesê dat hy “useless” is, en dat ons nie van hom hou nie, en ons is nie meer bang vir hom nie, en hy is nie ons pa nie, en ons sal doen wat ons wil want ons sal nie vir hom luister nie. En, eenkeer het ek verby hom geloop toe hy op die bank gesit het, toe sê ek vir hom: “Jy stink, man”.

Chris: Soos in dat hy stink en nie lekker ruik nie, of wat?

Madilise: Nee, sy persoon... hy as ‘n mens stink vir my.

Chris: Het hy jou ooit weer gedreig dat hy jou sal aanrand of weer sal molesteer, of so iets?

Madilise: Hy het gesê dat hy sal my doodslaan en sulke goed, maar ek het nie meer geskrik vir hom nie.

Chris: Okay. Jy het eenkeer gesê dat Dawie daarna nie meer so groot was vir jou nie?

Madilise: Hmm-hmm.

Chris: Hoe het hy vir jou gekrimp, of wat meen jy met...?

Madilise: Nee, ek het sy kragte ge-“challenge” en sy kragte was net nie... my en sy krag was omtrent dieselfde.

Chris: Jy het een keer ook gesê, jy weet, jy het besef jy het groot geword.

Madilise: Ja, ek het besef ek het groot geword, want ek het begin “muscles” kry om ‘n groot mens terug te slaan. Ek het groter geword in “muscles” en verstand.

Chris: Wanneer en hoe het jy dit agter gekom?

Madilise: Toe ek daar vir myself opgestaan het.

Chris: Goed, nou gaan ons die rolle omdraai en julle gaan gesels met mekaar, en ek en Madilise gaan net luister wat julle met mekaar gesels oor wat julle gehoor het ek en sy gesels oor. So, wat het julle gehoor en beleef?

Groeplid 1: Dat so ‘n klein meisietjie so ‘n groot man kan slaan. Hoe oud was hy?

Madilise: Hy was seker so nege-en-dertig.

Groeplede: Yooh.

Groeplid 2: Ek het gehoor dat daar is mos nege uit tien mense wat gemolesteer word, en sy was een van die nege wat opgestaan het.

Groeplid 3: Ek dink in die algemeen vir ‘n vroumens of meisiekind vat dit baie “guts” om te kan opstaan teenoor ‘n man in die eerste plek, en in die tweede plek, ‘n dronk man, die derde plek, was hy vier, vyf keer groter as wat jy is.

Groeplid 4: En ek dink basies dit is omrede baie van die vroumense wat kindermolestering of verkragting deurgaan, het nie genoeg krag, of hulle glo nie genoeg in hulleself om op te staan vir hulleself nie.

Chris: Ek het gewonder watse prentjie julle van Madilise het toe sy so elf, twaalf jaar oud was?

Groeplid 1: Dat sy iemand baie hard geslaan het.

Groeplid 2: Dat sy baie hartseer ervaar het al.

Groeplid 4: Dat sy opgestaan het vir haarself.

Groeplid 3: Ek het ook gehoor sy het vir iemand anders ‘n keer opgestaan... haar ma. So, sy dink nie net aan haarself nie, sy dink aan die ander ook.

Groeplid 5: Sy’t baie, baie “guts”, baie, vreeslik baie. ‘n Kind sal nie sommer teenoor ‘n vreemdeling net sommer opstaan nie.

Chris: Wat het julle nog oor Madilise gehoor vanuit Besemstok se verhaal?

Goeplid 5: Sy is baie slim en sy het baie “guts”.

Groeplid 3: Sy weet hoe om op te staan.

Groeplid: 4: En sy kan ‘n baie sag hart hê as sy wil.

Groeplid 5: En sy dink ‘n bietjie verder as wat baie ander meisies sal dink. Hoe kan ek sê, sy is meer volwasse vir haar ouderdom as wat baie van die ander meisiekinders is.

Chris: Goed, nou is ons by rondte nommer drie, nou is julle weer die “listening group” en ek en Madilise gesels weer. Eintlik het ek net een vraag, ‘Wat het jy gehoor vertel hulle vir mekaar oor wat hulle gehoor het?’.

Madilise: Die goed wat hulle meer interesseer, soos in, die goed wat sterk is.

Chris: Ja. So, wat het jy agtergekom het hulle vanmiddag van Madilise geïnteresseer?

Madilise: Ok, dat ek baie “guts” het.

Chris: Hmm-hmm.

Madilise: En dat ek groter dink as vir my ouderdom.

Chris: Hmm-hmm.

Madilise: Dat ek 'n sterk persoonlikheid het.

Chris: Hmm-hmm.

Madilise: Dat hulle luister vir my... soos 'n "audience". En ek voel nogal "weird" want gewoonlik luister ander mense nie vir jou.

Chris: Dink jy hulle kon iets vir hulleself gehoor het vanmiddag?

Madilise: Ja, dat hulle hoef nie altyd stil te bly nie en hulle kan vir ander mense sê, maar soos in, hulle moet vir mense sê wat hulle rêrig gaan glo en wat iets sal doen daaraan.

### 5.3.3 "To hook up clients".

David Epston en Michael White (1992:12) het 'n terapeutiese gebruik ontwikkel wat hulle noem "consulting your consultants", wat in hulle woorde, "...encourages persons to document the solution knowledges, and the alternative knowledges about their lives and relationships, that have been resurrected and/ or generated in therapy". Die kennis wat mense dokumenteer in hierdie proses is hul eie. En wanneer hierdie eie kennis eers gedokumenteer is, is dit beskikbaar vir hulself en ander wat worstel met soortgelyke probleme, asook terapeute wat graag leer deur ander se geleefde ervarings. Zimmerman & Dickerson (1996:113) neem hierdie konsep ietwat verder, "One way in which preferred stories can be circulated is for the therapist to *hook clients up* together".



Dikwels, meld hulle, wanneer hulle met 'n kliënt werk, merk hulle op dat sy met 'n probleem worstel soortgelyk aan 'n probleem waarmee 'n vorige kliënt geworstel het, en daarrondom bepaalde kundigheid ontwikkel het. Hulle meld dat dit tipies van hul werk is om kliënte te vra of hulle gewillig sou wees om hul kundigheid met ander te deel, en kontak hulle op 'n gereelde basis vorige kliënt om te verneem of hulle as 'n konsultant sal optree. "This hook up has a circulating/ reflexive effect in both directions: The former client is pleased to share her or his victory, and the current client is happy to have some support for his or her struggle".

### **5.3.3.1 Terapeutiese Groepe.**

Freedman & Combs (1996:245) meld dat terapeutiese groepe 'n verdere wyse is waarop mense, wat met soortgelyke probleme worstel, 'n gehoor ("audience") kan bekom. Janet Adams-Westcott & Deanne Isenbart (1995:335) bied die volgende beskrywing van hul werk met mense wat kinderjare seksuele misbruik deurleef het:

We invite group members to develop connections and create a community that supports each participant's personal journey of change. This 'community' provides an audience for members to: (1) develop their own self-knowledge, (2) practice more validating stories about self, and (3) incorporate preferred narratives into their lived experience.

Janet Laube en Stephen Trefz (1994:33) benader hul werk vanuit 'n narratiewe raamwerk, en hulle identifiseer "audience" as een van die "curative factors", en verduidelik hulle dat die deelnemers aan hierdie groep die aanvangsgehoor is tot die vertel van verhale binne 'n veilige opset, en dat daar binne hierdie opset geldigheid, gemeenskaplikheid en bevestiging aan hierdie verhale verleen word.

Die deelnemers aan die groep ondersteun mekaar om hul verhale te transformeer deurdat hulle 'n *audience* vir mekaar se verhale bied waarbinne uitsonderings en verskille ontdek kan word.

#### **5.3.4 “Community of shared experience”.**

Heersende ekonomiese en politieke omstandighede en diskoerse in ons land lei tot die terugsky op die befondsing van programme en die beskikbaarstelling van professionele hulpdienste juis aan hulle wat nie in staat is om vir terapie of beradingsdienste te betaal nie. Dit lei daartoe dat talle diensverskaffers hulself in 'n hartgrondige dilemma bevind insoverre hulle genoodsaak word om dienste te verskaf te midde van krimpende beskikbare hulpbronne, ewig langerwordende waglyste en die onsekerheid of programme nog sal voortduur.

Maggy Carey (1998:35) beskryf in haar artikel *Communities of shared experience* – na aanleiding van 'n onderhoud met Dennis Denborough – een van die response van die Adelaide Central Mission in Suid-Australië op hierdie toedrag van sake. Hierdie respons eksplorieer 'n alternatief op tradisionele kantoor-gebaseerde berading, 'n alternatief wat die samewerking van werkers van verskeie hulpdienste betrek om ontmoetings te fasiliteer met mense wat worstel om soortgelyke probleme in hul lewens te bowe te kom. Hierdie en ander alternatiewe dien as kreatiewe response op hierdie toedrag van sake.

Die afgelope vier jaar reeds werk ek met kinders wat worstel met die effek van fisiese, emosionele en seksuele geweld en misbruik in hul lewens. As terapeut val die voorreg my dikwels te beurt om getuie te wees van die betekenisvolle veranderinge wat hierdie kinders maak in die verstaan en leef van hul eie lewens. En tog wonder ek dikwels oor hoe hierdie veranderinge stand hou wanneer die kinders terugkeer na kontekste wat die probleem ondersteun.

In my werk met kinders wat seksuele geweld en misbruik deurleef het, word dit almeer duidelik dat isolasie 'n ingrypende rol speel in die handhawing van die effek van die seksuele geweld en misbruik in die lewens van hierdie getraumatiseerde kinders. Dikwels is daar geen ander persone in die lewe van die getraumatiseerde kind buiten die terapeut wat getuie kan wees van die voorkeur-wyses waarop die getraumatiseerde kind haar lewe wil inrig nie, asook van dié treë wat die kind reeds in hierdie rigting geneem het. Die gebrek aan ánder/ nóg *buite*-ooggetuies (“outsider-witnesses”) in die lewe van die getraumatiseerde kind is dikwels 'n verlamme hindernis in die te bowe kom van die effekte van seksuele geweld en misbruik. Dit bring mee dat die terapeut dikwels die enigste persoon is wat veranderinge in die lewe van die getraumatiseerde kind waarneem (“witness”) en bevestig (“authenticate”). Maggy Carey maak die volgende interessante en ingrypende opmerking, “Recently we have begun to wonder whether we are the best people to be doing this work”.

In respons op die huidige situasie wou ek ander wyses van werk eksploreer waarin ruimtes geskep kon word waarbinne kinders die veranderinge wat hulle aanbring in hul lewens op 'n veel meer soliede wyse kon uitlig, veranker en beleef. Binne hierdie ruimtes kon kinders wat soortgelyke ervarings deurleef het hul kennis, dit wat hulle al geleer het, en hul vaardighede met mekaar deel. Binne terapeutiese gesprekke het ek al dikwels beleef dat wanneer ek met kinders deel wat ander kinders in soortgelyke omstandighede gedoen het, dit moontlikhede fasiliteer vir kinders om weg te breek van 'n bewustheid, “Daar is iets verkeerd met my”. In die werk saam met Madilise en Chereese het ek hierdie konsep ietwat verder geneem, en binne die terapeutiese gesprekke die vestiging en benutting van groepe geëksploreer waarvan die lede gedeelde belewenisse het.

Maggy Carey (1998:37) het in haar werk met gesinne wat gebuk gaan onder geweld en misbruik die vestiging en benutting van “communities of shared experience” geëksploreer. As eerste stap het Carey en haar medewerkers besluit

om 'n byeenkoms te reël vir vroue en kinders wat geweld in hul huise beleef het. Hierop het hulle 'n kamp aangebied "...to honour their shared experience and to find their own ways of healing", en het hul ervaringe op hierdie kamp moontlike werkswyses na vore gebring waardeur die sterkpunte van die gemeenskap van gedeelde belewenisse opgebou kan word. Carey merk op, "For me, it showed the ways in which collective processes of acknowledgement can richly describe people's own knowledges and skills in dealing with the experiences that they have been subjected to. It showed me how collectively naming injustice is an integral part of healing". Carey meld dat met Camp Coorong die idee van die daarstel van 'n "listening group of counsellors" wat as "outsider-witnesses" optree vir die verhale van die gemeenskap, bekend gestel is. En is hierdie proses as 'n kragtige wyse beleef waarop erkenning verleen is aan die verhale en die veranderinge wat die gemeenskap gemaak het.

Ten opsigte van die werk saam met Madilise en Chereese het ek telkens nie van professionele diensverskaffers of terapeute gebruik gemaak om as "outsider-witnesses" op te tree nie, maar van 'n groep dogters wat ook seksuele misbruik deurleef het. Sodoende het ons telkens ons eie gemeenskap van gedeelde belewenisse ("community of shared experience") geskep. In elkeen van die byeenkomste het die volgende aspekte my getref:

- Een van die wyses waarop seksuele misbruik die kinders affekteer is dat kinders daardeur gestigmatiseer word. Dit is belangrik om hierdie toedrag van sake te normaliseer. Om saam met ander kinders te wees wat dieselfde vrae, vrese en probleme beleef, dien as 'n teenmiddel vir stigmatisering. Die skep van 'n situasie waarin kinders weet dat die ander kinders soortgelyke belewenisse deurleef het, blyk hulle in staat te stel om hulself te skei van gedagtes van self-blamering en skaamte. Hierdie byeenkomste bied 'n kragtige gehoor tot die feit dat die seksuele misbruik nie plaasgevind het vanweë een of ander fout of tekortkoming in die kind self nie.

- Om deel van die gemeenskap te wees stel die kinders veel gouer in staat om in aanraking te kom met hul eie vaardighede en kenniseenhede – waarvan hulle voorheen geïsoleer is – aangesien hulle nou hierdie kenniseenhede en vaardighede in die ander kinders rondom hulle herken. Nie net word die belewenis van isolasie en magteloosheid hierdeur verminder nie, maar genereer dit hoop.
- Wat verder interessant is om op te merk en te beleef – en wat ek geniet - is dat die ontmoetings 'n heel ander verhouding tussen myself as terapeut en die kinders vestig. Wanneer ons almal saam knibbel aan die verversings of op die vloer-kussings sit en gesels, word ruimte en geleentheid geskep vir soveel andersoortige gesprekke as die gestruktureerde terapeutiese gesprekke. Ook my eie lewe – doen en late – word meer sigbaar in, en vir die groep. Maar dit gebeur tegelyk ook so in die groep insoverre die groeplede ander aspekte van mekaar se lewens leer ken wat niks te doen het met die probleme waarmee hulle worstel nie. In terapeutiese gesprekke word dikwels heelwat tyd spandeer om oor die probleem, die kinders se verhouding met die probleem, en hoe hulle die probleem te bowe kom, te gesels, maar wanneer die groep byeen is, word ander landskappe van lewe vir die kinders meer sigbaar.
- Hierdie ontmoetings skep ook kontekste waarbinne die getraumatiseerde kind (en die terapeut) hulself anders kan beleef, en waar groeplede mekaar anders kan beleef. En word gesprekke moontlik oor hierdie *anders* wees as wat die probleem-verhaal aan die kind voorskryf.
- Hierdie soort van gedeelde belewenisse bied aan die groeplede 'n belewenis van verbintenis en ondersteuning, waarvan die effek veel langer hou as die ontmoetings self.

- Verder, verbintnisse wat tydens die ontmoetings gemaak word, dien om voortgaande getuienis te verskaf tot die veranderinge wat die getraumatiseerde kind in haar lewe maak, asook van die vaardighede en kennis-eenhede wat deur hierdie veranderinge verteenwoordig word.
- Buiten die reeds vermelde voordele van die vestiging van hierdie gemeenskappe, verteenwoordig hierdie ontmoetings ook 'n veel meer effektiewe benutting van beskikbare hulpbronne. Veral kan een-tot-een werk nie vergelyk word met die gesprekke wat binne hierdie gemeenskappe plaasvind nie, aangesien 'n onskatbare, kollektiewe bron van begrip, kennis-eenhede en vaardighede binne hierdie gemeenskaps-ontmoetings tot beskikking van elkeen gestel word. Dit *vergroot* in 'n sekere sin elke interaksie.
- Hierby vind daar op 'n deurlopende basis rituele van erkenning plaas deur persone wat soortgelyke belewenisse gehad het. Daar bestaan dus 'n gehoor wat nie beskikbaar is by een-tot-een werk nie. Die waarde hiervan lê daarin dat hierdie insigte en betekenis nou tot beskikking is van die getraumatiseerde kind in die een-tot-een gesprekke wat hieruit voortvloei.

In bepaalde wyses kom dit voor dat terapeutiese gesprekke hierdeur genormaliseer word. Wanneer terapeut en gespreksgenoot saam leef en gesels binne hierdie gemeenskap word die terapeutiese gesprek as te ware deel van die alledaagse lewe van die kinders. Maggy Carey (1998:40) maak die volgende opmerking, "Enabling conversations cease being things that happen only in the therapist's office and become things that happen in all areas of life". Om met kinders binne hierdie informele gespreksbyeenkomste te werk blyk veel meer geleenthede te bied as om in 'n kantoor te gesels. In der waarheid, om binne 'n kantooropset te werk lyk dan 'n bietjie verre gaande te wees.

Die formalisering van hierdie (moontlik reeds bestaande) verhoudinge het opsigself 'n merkwaardige effek in die lewe van beide die getraumatiseerde persoon en lede van die versorgingspan. Die spanlede ervaar dat hulle 'n baie meer pro-aktiewe rol betree - 'n rol wat hulle nie uitgeput en óór-belas laat voel nie. Hierdie pro-aktiewe rol is een waarin die versorgingspan se hoof bydrae nie meer net een van reageer-op-krisisse is nie. Die volgende vertelling deur Jill Freedman dien as illustrasie:

When I heard Michael White talk about such teams I thought of a dear friend of mine whose life has been dragged down and severely limited by chronic fatigue syndrome. She has lost her livelihood and her professional identity, as well as the energy and the ability to participate in many of the activities that have brought her pleasure for most of her life. I know this about her, and I have watched her valiant struggle to keep hold of as much of her life as she can. Yet, when she calls me in a state of misery, needing some support, I am rushing from one thing to another, with an overabundance of work commitments and, seemingly, no time. Too often, I respond by cutting her short. I would willingly join a nurturing team for her and would gladly schedule in my contribution. If I were to support her in keeping her life for herself and to appreciate her efforts on her own behalf, I would make the time. If this was agreed upon in advance instead of at the whim of chronic fatigue syndrome, I could make it part of my life. I know others would, too, for all of the people that they care for.

#### **5.4. DIE GENERERING VAN KENNIS EN DIE LOODSING VAN TRANSFORMERENDE AKSIES.**

Ek sou nie hierdie hoofstuk wat iets wil sê van die klimaks van hierdie navorsing, kon afsluit indien ek nie verwys het na hierdie aspek van *Participatory Action Research* nie. Soos in hoofstuk 1 aangedui is PAR ontwerp met die uitdruklike doel om uit te mond in praktiese, sosiale aksies en verandering. PAR is dus deurlopend besig om die vraag 'Wat is die waarde van hierdie navorsing vir hulle wat bestudeer word?', te beantwoord. In die algemeen is die aksies wat PAR poog te ontwikkel geen eng beskoude tegniese aktiwiteite nie, maar kan dit beskryf word as "...any coherent and complex form of socially established co-operative activity" (McTaggart 1994:318). Verder is gestel dat PAR ten doel het om aksies te stimuleer wat tot voordeel van en direkte nut het vir die deelnemers, en wat aanleiding gee tot die verbetering van hul eie praktyke en situasie. "PAR is particularly concerned with action which induces positive, progressive, remedial and corrective social change and transformation, this concern represents a major characteristic distinguishing PAR from other types of action research". In die lig van hierdie fokus op verandering van sosiale strukture is dit nie vreemd dat PAR beskou word as uitermate geskik vir wat in die algemeen na verwys word as "socially oriented projects" (Rahnema 1990:201).

PAR beskou die bovermelde self-organiserende aksies as kollektiewe ondernemings. Dus, die generering en bevordering van "people's collectives" word beskou as nog 'n primêre doelwit van PAR. "These collectives often take the form of grass-roots groups or social movements through which people can be mobilized for action from the bottom up". En indien geen geskikte organisasies in die gemeenskap bestaan waar PAR geïmplementeer word nie, word die deelnemers aangemoedig om self een te skep deur "self-mobilization" (Rahman 1988:116).



Oor die algemeen reken PAR-navorsers “self-mobilization” van kardinale belang aangesien dit “...a self-reliant, assertive culture” (Rahman 1991:16) binne hul organisasies bevorder en sodoende selfstandig-wording. Verder stel PAR-navorsers dit dat wanneer deelnemers ervaring opgedoen het in die mobilisering en organisering van aksie(s), hulle weer ander minderbevoorregtes sal stimuleer en ondersteun om soortgelyke aksie(s) mee te begin. Die doel hiervan is om geleidelik hoër vlak organisasies te vorm deurdat kleiner organisasies gefedereer word en deurdat verbintenisse tussen soortgelyke organisasies ontwikkel word.

Ek gee in die lig hiervan ‘n kort weergawe van ‘n gesprek – of dan die voorstelle en planne wat daaruit voortgevlei het – wat plaasgevind het tydens een van die Talitha Kumi-byeenkomste. As inleiding tot hierdie bespreking het ek ‘n paar idees uit ‘n inligtingsbiljet van *Silent Too Long* aan die groep voorgelees:

*SILENT TOO LONG* is an action based group for women living in South Australia’s northern suburbs who are survivors of csa. This community development project, established in 1996, is run in conjunction with The Northern Metropolitan Community Health Service.

Whilst the effects of csa are acknowledged, the focus of STL is upon survivor’s strengths and capabilities. STL aims to dispel the myths of csa, educate professionals about appropriate ways of addressing csa and to stand with other women survivors. STL projects include producing leaflets, presenting at conferences, establishing an open group for women survivors and co-facilitating therapeutic groups with NMCHS. STL believes that a person may be affected by the csa but it need not take over their whole lives.

Die lede van Talitha Kumi-groep was nie net geïnspireer deur hul eie belewenisse in die groep nie, maar ook deur hierdie en vorige kennismakings met die *Silent Too Long-survivors* van Australië. Aangesien ek hierdie merkwaardige groep vroue persoonlik in 2000 in Adelaide, Suid-Australië ontmoet het, en die konferensie bygewoon het wat hulle aangebied het tydens die Jaarlikse Internasionale Narratiewe Terapie Konferensie, was dit vir my soveel meer betekenisvol en maklik om die werksaamhede en doelwitte van hierdie groep met die Talitha Kumi-groep te deel. Die dogters van die Talitha Kumi-groep was onder andere geïnspireer deur die volgende woorde, gedruk op die voorblad van hierdie inligtingsbiljet,



### *The Curse of Silence*

*try as it might,*

*cannot stop*

*a Swan in full*

*flight!*

Die lede van die Talitha Kumi-groep het die volgende voorstelle en inisiatiewe – met passie – gelys en aangekondig as aksies en projekte wat hulle in hul direkte en die breër gemeenskap wil loods.

- “Ons hou niks van die geheimhouding oor ons lêers nie, ons wil weet wat daarin geskryf staan. Dis net al die gemors, hofsake en probleme wat daarin geskryf staan. Niks van ons sterkpunte en opstaan teen die *abuse* staan daarin nie”; “Ons moet ons eie *files* kry om ons eie stories in te kan skryf, en dan moet die maatskaplike werkers dit lees”; en “Ons is die *experts* op ons lewens, ons moet hulle *educate* oor wat in ‘n *survivor* se lewe aangaan, want hulle weet niks”.

- “Ons moet sulke oop gesprekke in die omgewing se gemeenskappe hou. Ons weet hier’s nog baie vroue en dogters wat *survivors* van kinderjare “*sexual abuse* is”; en “Dis hierdie vroue en kinders wat gladnie iets soos maatskaplike werkers het of terapie kan bekostig nie”.
- “Ons kan ander *survivors* hier by die kinderhuis of by die skool en huis – in die ‘regte’ wêreld daarbuite - ondersteun en by hulle staan. Ons was daar; ons het dit deur-leef”; en “Ons kan in hulle situasies ingaan”.
- “Hofsake maak ons baie kwaad, hulle dink nooit aan hoe *scared* die arme kinders moet wees nie”; en “Ons wil soos ‘pêlle’ met enige meisie wat by die hof moet wees oor hierdie goed, *join* en haar ondersteun, al ken ons haar nie”.
- “Ons kan vir die koerante en tydskrifte briewe skryf oor hoe erg ons dink dit is dat soveel kinders mishandel, gemolesteer, verkrag en ontvoer word. En ons *like* geweld teen vroue en kinders niks. Ons moet ook in die koerante sê dat daar heeltemal te ligte strawwe deur die howe aan molesteerders en verkragters uitgee word”, en “Hulle moet die doodstraf vir sulke ouens terugbring”.
- “Wat van ‘n 24-uur “Help-line” waar kinders boodskappe op ‘n antwoordmasjien kan los as ons nie die telefoon kan antwoord nie, en dan kan ons so gou as moontlik daarop reageer om daardie kinders te help?”.
- “Kan ons nie deur die internet of so iets kontak maak met die *survivors* van *Silent Too Long* nie?”; “Of van daai slim ouens moet vir ons ‘n e-pos of ‘n *website* of so iets opsit, dan kan ons die regte inligting daarop sit, en mense kan skryf as hulle hulp en inligting nodig het”.

- “Ons kan by ons skool ‘n projek doen waar ons ‘n uitstalling hou oor ons *journey* en al die stasies wat ons besoek het”; en “Ons kan dele van ons stories daar skryf, en ons kan die foto’s van ons *celebration* wat ons gehou het daar opsit”.
- “Ons moet sulke gesprekke en besprekings by die skole hou waar ons vir die kinders die regte feite oor *child sexual abuse* kan leer, want *Sex education* by die skole is ‘n klug. Almal praat net oor AIDS en hulle weet eens niks van *sexual abuse* af nie”.
- “Dan moet ons ook so ‘n inligtingsblaadjie skryf wat ons by die skole en ander plekke vir die mense kan uitdeel. Ons kan dit self skryf”.
- “Ons moet vir elkeen wat ons ondersteun ‘n reënboog-strikkie gee om te dra, dit sal wys hulle staan by ons”; en “Elke *survivor* kan ‘n *T-shirt* dra met ‘Talitha Kumi’ daarop gedruk of iets soos ‘Breaking the Silence. Breaking the Secret”.
- “Ons moet ons eie naweek-kamp soos daai Maggie (Carey)-hulle waarvan dominee ons vertel het, hou, waar ons net oor ons stories kan kuier en van almal se sterktes en planne kan leer”.
- “Ons wil ons eie boek skryf soos ‘Dis ek, Anna’”; en “Ons wil ons eie storie vertel. Ons kan! Ander mense het nie tyd om hulle stories te vertel nie. As hulle ons stories lees, sal dit soos terapie wees vir hulle. ‘n Self-help boek”. (Vergelyk *Dis ek, Anna* deur Elbie Lötter, 2004)
- “En ons kan al ons stories en werk en goed mos iewers – hier in dominee se kantoor - bêre sodat ander kinders dit ook kan lees as hulle dit wil gebruik. (Vergelyk David Epston se argiewe, paragraaf 3.2.)

- “Of as dominee ons bel, sal ons altyd inkom en met ander dogters gesels oor ons lewens”. (Vergelyk opmerking oor “consulting your consultants”, paragraaf 3.)

## 5.5. DIE NUUS VERSPREI VANAF TALITHA KUMI-STRAAT TOT IN ADELAIDE EN EVANSTON.

Al sou ek voor die tyd met ‘n “suitcase” vol *padkaarte* gestaan het, sou ek steeds nie geweet het waarheen hierdie *reis* my sou neem nie, en daarmee saam sou ek nooit kon voorsien wat ek in hierdie hoofstuk oor die klimaks, die hoogtepunt(e) van die navorsingsverhaal sou skryf nie. Hierdie *reis* het op opwindende en interessante wyses ontvou. Op die meeste sou ek gereken het dat hierdie hoofstuk iets noemenswaardig in verband met een van die *survivors* se eie, individuele verhale sou oplewer – en dit het! Maar hierdie *reis* sou my draaie laat maak in Adelaide en Evanston, elkeen met die rykdom van sy karakters en landskappe. Dat *Silent Too Long* en die akademiese refleksiegroep in hierdie laaste hoofstukke so ‘n prominente plek sou inneem, sou ek net kon *droom*, maar vir nie een oomblik is ek spyt daaroor nie. Hierdie groep volwasse *survivors* en ook die refleksiegroep het so ‘n indruk op my en die Talitha Kumi-dogters gemaak, so deel geword van ons *reis* dat ons hulle graag wil “honour”.

Om op hierdie *reis* dikwels te kon terugstaan en net in te luister en in te loer na die ontwikkelinge van hierdie kinders se verhale, en om dikwels te voel dat ek versigtig moet wees om nie ‘in die pad te wees’ nie, aangesien hulle besig was om self ‘hul weg tuis te vind’, het hierdie *reis* vir my nog meer avontuurlik gemaak. In hoofstuk 5 het ek aan die hand van die konsep “spreading the news” verskeie groepe, werksydes en benaderings beskryf en bekend gestel. Met die *mede-skep* van die “community of shared experience” is ons almal verras deur die kragtige effek van die ontginning van die “insider”-status en rol wat die *survivors* kon speel.

Hierdie “community” het die ruimte gebied waarbinne *hul* ervaringe, vaardighede en kennis erken, gedeel en ge-“celebrate” kon word. Nie net is hul eie verhale deur hierdie gemeenskap ge-*skryf en* getransformeer nie, maar kon hulle begin *droom* oor die transformasie van hul eie gemeenskap, en hoedat hierdie *verhaal* en hierdie *reis* talle ander *survivors* se lewens ook kon raak en transformeer. Dit is verseker *nuus* om te versprei!